

18 November

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16

God verdra geen geestelike louheid nie

Paulus sê in die bekende 1 Korintiërs 13 dat jy groot en baie dinge kan doen, maar as dit sonder liefde is, dan baat dit jou niks. Dan is jy 'n leë mens met 'n leë hart – soos 'n hol blik.

Net so kan daar gemeentes wees wat vol programme het en baie dinge doen, maar hulle doen dit sonder opgewondenheid en besieling en liefde vir die Here. Dan is dit 'n godsdiens sonder God. In sy sewende brief aan die kerk in Laodisea sê Jesus vir hulle dat hulle nie warm en ook nie koud is nie, maar lou. Hulle het as gemeente bestaan, maar nie regtig gelewe nie. Hulle is so lou, halfhartig en middelmatig.

Met sy sug: "... was julle tog maar koud", verwys Jesus na die koue wêreld van ongelof. Hy wil die gemeente nie aan die ongelof oorgee nie. Daarin sit die versugting dat as hulle koud was, dan kon die evangelie weer vars aan hulle verkondig word en kon hulle onder die indruk daarvan gekom het.

Laodisea is 'n lou gemeente, maar die Here laat hulle nie los nie. Diep en dringend roep die Here hulle tot bekering op. Met die beeld van die ete wil die Here weer met hulle hegte gemeenskap en liefde beleef. En wat is die herstel vanuit 'n lam louheid? Laodisea was so trots op hulle rykdom, hulle mediese skool en eie geweefde wolstof.

Maar Jesus sê: Julle is nie net lou nie, maar ook so selftevrede, dom en blind. Julle weet nie dat julle arm, blind en kaal is nie (vs 17). Kom na My toe. Word weer vol van die wonder van verlossing. Laat die kruis op Golgota jou weer aangryp. Ek het goud, wat ware rykdom is. Ek het wit klere wat regtig saak maak. Ek het oogsalf wat jou jou geestelike bankrotenskap kan laat sien. Daar waar die roem in Jesus Christus verflou, daar skiet louheid wortel.

Sing: Psalm 40:3

Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)